## GEBEDSBULLETIN

***Julie se tema:*** VRIENDELIKHEID— *"Laat julle vriendelikheid bekend word aan alle mense"* Filippense 4:5 (OAV)

## DANKSEGGING:

* Dank die Here vir die vrug van die Gees wat ook vriendelikheid is.
* Baie aangename en vriendelike mense in die wêreld om ons.
* Die seën met die HAP en KRAP.
* Bewaring gedurende die skoolvakansie.
* Die gawe van vriendskappe.
* Die seën beleef met die Kinderpinkster by Park Laerskool(10-14 Junie).

## GEBED EN SMEKING:

* Deuroffers - Die Gideons doen reuse werk met die plasing van Bybels by skole, hospitale, spreekkamers en talle ander plekke. Sê dankie vir manne en vroue wat hierdie bediening opneem.
* Dat ons almal die vrug van vriendelikheid sal dra.
* Kerkraadsvergadering Donderdag.
* Die nuwe kwartaal se werksaamhede.
* Dat die uitreik na Botswana groot vrug sal dra.
* Ons land - dat ons almal 'n gees van verdraagsaamheid sal ontwikkel en dat leiers wysheid sal ontvang om die negatiewe gevolge van staatskaping te oorkom en ons land op 'n pad van groei en vrede te lei.
* Skole en leerders vir die nuwe kwartaal wat Dinsdag afskop.
* Bid ook vir die waardeprogram by Laerskool Park.
* Ons bid die volgende vir ons sendelinge, Neels en Esmé:
  # vir vrywilligers vir hulle bediening
  # dat dames wat hulle bereik, Jesus sal aanneem en vertrou
  # dat meer Hindi-sprekendes die facebook bladsy sal besoek
  # sê dankie vir die deure wat die Here vir die Azaria oopgegaan het
  # bid vir genoeg werk vir die dames wat by Azaria werk
  # bid vir finansies om meer dames van die straat af in te neem
  # bid ook vir die Sendingkonferensie 20—22 September





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 7 JULIE 2019**

*"Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom". (Psalm 103:17*

## PROGRAM VIR VANDAG:

Spesiale offer die Gideons

**KATEGESE/KINDERKERK:**
Geen vandag. Begin volgende Sondag.

**NUWE MENSE**
**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Kerkgebou**
Ds Danie

**09:30—Vleesbaai**
Ds André

Sinodale offer vir Bediening Dowes

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Na kinderoomblik in saal |
| Gr 7-8 | Na kinderoomblik in "gat". |
| Gr 9-10 | Soos met dominee gereël |
| Gr 11 | 10:00 in die "gat". |


## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**DINSDAG, 9 Julie** 09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)
09:30 Bybelstudie saal (ds André)

**WOENSDAG, 10 Julie** 15:30 Biduur Santos 1 (ds Danie)
18:30 Selgroep Boekenhoutstr (ds André)

**DONDERDAG, 13 Junie** 06:00 Manne saambid in saal



## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)

**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO) ABSA tjek—207 016 7886

## IN FOKUS:

**KOSKAS:** JULIE is Streek A se beurt om koskas. Droë produkte, groente, blikkies en kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die word. Joey (073 2988 142).

bydraes te maak vir die gevriesde produkte, asook dienswerker afgegee

**DEUROFFERS:** Spesiale Kollekte vir Toerusting was R 2063.

**TE KOOP:** Ongeskilde perskes @ R65 p/kg, rosyne R50p/kg.



**NEELS & ESMÉ:** Hulle nuusbrief is beskikbaar by die deure vir voorbidders en belangstellendes. 20-22 September bied hulle die MOVE Conference aan vir George en omgewing. Vir meer info kyk by https://moveconference.ethosmi. org. Sien ook gebedsversoeke by gebedsbulletin.

**TOERUSTING:** Lees speel 'n belangrike rol in verryking. Vir geestelike verryking is die lees van die Bybel natuurlik kardinaal. Daar is egter vandag 'n rykdom van geestelike boeke om ons hiermee te help. Gewoonlik is die boeke duur en koop ons dit nie maklik nie. Ons het nou 'n BOEKRAK in die voorportaal van die kerk met 'n klomp geestelike boeke. U kan 'n boek vir R20 koop, of ruil vir 'n geestelike boek wat u nie meer gebruik nie. Op hierdie wyse kan jy toegang kry tot boeke wat gewoonlik tussen R150 en R200 kos. Kom ons gaan stof ons vergete boeke af en word deel van hierdie projek!



**HAP EN KRAP:** Baie dankie aan almal wat hard gewerk het vir die HAP&KRAP. Die Here het ons wonderlik geseën en 'n mooi bedrag van R12 906-10. dankie ook aan almal wat kom ondersteun het!

**TWEEDEHANDSE KLERE:** Daar is nog baie goeie klere beskikbaar. Dit is uitgestal in die saal op die verhoog. U kan gedurende kantoorure (07:30 tot 12:30) dit kom besigtig en aankoop wat u oog vang. Bring gerus ook u familie, vriende en werksmense.








**VOORBIDDING GEVRA VIR:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Pieter Looch 17de Laan, Sonja Cronje Zetastraat, Hannes Cronjé Zeytastraat 5, André du Preez Hoogstraat, Eric Moore Seringstraat, Hennie Pozyn McKinnerystraat, Dorothy Nielsen Erik Pienaarstraat.*

**STERFTE:** *Dennis Viljoen, eggenoot van Joletta, Santos Haven 78; Grace Marx ALQ Santos Haven; Elsa, eggenoot van Gys Streicher Santos Haven.*




## PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

